

Projektering van waterbehoeftes in stedelike gebiede (Deel 4): Struktuuranalise as makro-projeksiemodel

CJ Pretorius¹ en MF Viljoen^{2*}

¹ Sentrum vir Ontwikkelingsteun, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300, Suid-Afrika.

² Departement Landbou-ekonomiese, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300, Suid-Afrika.

Samevatting

Die projektering van toekomstige watervraag in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is 'n komplekse en moeilike taak. In die meer gevensionteerde gebiede soos Bloemfontein munisipale gebied waar woonhuise, sake-ondernehmens en nywerhede gevorderd ontwikkel is, kan toekomstige uitbreidings se watervraag redelik akkuraat voorspel word. In histories onderontwikkelde woongebiede waar ontwikkelingsaspekte soos tenkwaens vir watervoorsiening, staankrane in strate vir blokgebruik, putlatrines en ongemeterde water insluit, behels die projektering van watervraag egter heelwat meer. In hierdie artikel word na die projektering van watervraag van 'n gebied wat uit so'n verskeidenheid gebruikers bestaan, gekyk, naamlik Bloem Water (voorheen Bloemarea Waterraad). Die werkwyse wat gevolg is asook die gevolgtrekking waartoe gekom is, kan handig te pas kom vir diogene wat soortgelyke projeksiestudies aan die hand van struktuurontledings beoog.

Summary

To estimate the future demand for water in a developing country such as South Africa, is a complex and difficult task. However, in more established areas such as the Bloemfontein municipal area, where residential, business and industrial facilities are in an advanced developed phase, the demand for water for future development can be predicted reasonably accurately. In historically underdeveloped townships, where development involves the use of tank trucks to supply water, communal taps, pit latrines and a non-metered water supply, such a forecast is far more complex. In this article we discuss the issue of forecasting the water requirements of an area for just such a diversity of consumers, by means of a structure analysis. The methods used and the conclusions arrived at, could come in handy for those contemplating a similar project.

Inleiding

Hierdie artikel vorm deel van 'n vierledige artikelreeks en word voorafgegaan deur **Deel 1** (Pretorius et al., 1995) wat die metodologiese oorsig vir die projektering van waterbehoeftes in stedelike gebiede behandel, **Deel 2** (Viljoen en Pretorius, 1995) wat 'n *ex post* analise van die akkuraatheid van verskillende projeksiemetodes bied en **Deel 3** (Van Niekerk et al., 1995) wat die meervoudige regressiemodel as makro-projeksiemodel vir stedelike gebiede van nader beskou.

In 'n belanggegebied soos die van Bloem Water waar 'n wye verskeidenheid waterverbruikers met 'n verskeidenheid gebruikte voorkom, is struktuuranalise as projeksiemodel uiters geskik vir die wyduiteenlopende omstandighede. In die huidige artikel (**Deel 4**) word die metodologie van die struktuuranalise en die toepassing daarvan in BloemWater se belanggegebied bespreek en toegelig. Daarna word Bloemfontein munisipale gebied van nader beskou, gevvolg deur Bainsvlei en Langenhovenpark, Bloemspruit-hoewegebied, Botshabelo, Dewetsdorp en die ander kleiner verbruikers. Die artikel word laastens met gevolgtrekkings afgesluit.

Die metodologie van struktuuranalise (Viljoen en Vivier, 1981)

Struktuurontleding dui op die ontleding aan die hand van verwagte sosio-ekonomiese, sosio-politieke en/of tegno-ekonomiese ontwikkeling van ter sake makro-aspekte wat 'n invloed op die toekomstige watergebruiken van 'n bepaalde geografiese gebied mag hé. Dit sluit onder andere demografiese ontledings, ontledings van die industriële groeipotensiaal en die ruimtelike ordening van ekonomiese aktiwiteite in (Spies, 1981). Hierdie tipe ontledings inkorporeer gewoonlik ook ander voorspellingsmetodes soos wat onder meer blyk uit die vooruitskatting van die waterbehoefte van Roemenië, (Predescu en Dima, 1976). Volgens die navorsers vereis die bepaling van byvoorbeeld die toekomstige behoeftes aan industriële water diepgaande ontledings van verskeie faktore. Eers word begin deur tydreeksontledings te maak van die volume produksie geproduseer vir nywerhede wat groot gebruik maak van water is. Vir elke sodanige nywerheid word die toekomstige groei in produksie dan vir spesifieke tydperke in die toekoms beraam, in die lig van verwagte veranderings in die samestelling van die totale nywerheidswese en met inagneming van nasionale groeikoerce en doelwitte. (Eksponensiële en begrensde groei-modelle word dikwels by die tipe beramings gebruik.) Vir elke nywerheidsgroep of subgroepe word die watergebruik per eenheid produk histories ontleed en vir die toekoms beraam met inagneming van faktore soos moontlike hersirkulering van water en verbeterde waterbesparings-tegnologie. Deur die verwagte toekomstige produksievolume van elke nywerheidsgroep te vermenigvuldig

* To whom all correspondence should be addressed.

✉(051) 401-2213; fax (051) 448-0692; e-mail giel@landbou.uovs.ac.za
Received 6 October 1995; accepted in revised form 7 August 1996.

met die verwagte waterbehoefte per eenheid produk, kan die totale watervraag dan bepaal word.

Faktore wat met struktuuranalise verreken moet word

'n Verskeidenheid faktore beïnvloed die vraag na water binne 'n bepaalde geografiese gebied. Hierdie faktore wat in die mens en sy lewensaktiwiteite setel, kan geklassifiseer word volgens die verskillende gebruik van water (huishoudelik, nywerheid, openbaar, ensovoorts) of volgens die aard van die beïnvloedende faktore. Vir doeleindes van die bespreking word dit geklassifiseer volgens die aard van die beïnvloedende faktore wat ingedeel kan word in openbare owerheidsoptrede soos onder meer vergestalt in beleidsmaatreels asook demografiese, kulturele en etniese, sosio-ekonomiese, ekonomiese, tegno-ekonomiese en natuurlike faktore. Vervolgens word voorname kortlik toegelig.

Openbare owerheidsoptrede

Deur 'n verskeidenheid van direkte en indirekte beleidmaatreels en optredes is die regering van die dag op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak besig om die aard en omvang van die menslike aktiwiteite te beïnvloed en te rig ten einde in te pas by die oorhoofse nasionale, streek- en plaaslike ontwikkelingsdoelstellings (Kollar and Macauley 1980:9). Op nasionale vlak word byvoorbeeld gesorg dat oorhoofse ruimtelike ordening van 'n bepaalde gebied inpas by die breëre nasionale doelwitte. Ook word die ontwikkelingstempo van bepaalde sektore beïnvloed deur byvoorbeeld die daarstelling van sekere nasionale infrastruktuurdienste soos nasionale paaie, poskantore, polisiekantore en ander, stigting van Staatskorporasies soos Iscor en Sasol, beskikbaarstelling van fondse vir behuising, vervoerrabatte, subsidies en belastingvoordele om die aard en tempo van nywerheidsvestiging en uitbreiding te beïnvloed, asook 'n verskeidenheid ander wetsmaatreels soos byvoorbeeld wette op besoedelingsbeheer (Parsons, 1976:181). Ook die provinsiale owerhede het besliste bydraes in voorname verband te lewer. Eksplisiete beïnvloeding spruit onder meer voort uit die huidige tempo sowel as die toekomstige aard, omvang en ontwikkelingstempo van dienste wat onder die provinsiale regering ressorteer.

Plaaslike owerhede se invloed op watergebruiken binne stedelike gebiede vind op verskeie maniere plaas. Benewens watergebruik in munisipale geboue, is die munisipale owerheid deur die voorsiening van dienste soos openbare parke, tuine, elektrisiteit en die brandweer self 'n betekenisvolle verbruiker van water. Voorts beïnvloed dit watergebruik deur die grootte van woonerwe wat toegestaan word en die tempo van erewentwikkeling; die wyse waarop water aan huisbewoners voorsien word, byvoorbeeld gemeterde teenoor nie-gemeterde lewering; die deursnee van pype en die waterdruk waarteen water aan die individuele gebruikers voorsien word; die fasilitete beskikbaar vir suiwing en hergebruik van water en die mate waarin dit self gesuiwerde water hergebruik; die watertarieffstruktuur; asook die aard en omvang van waterbepalingsmaatreels wat periodiek ingestel word (Lauria, 1974:244; Sonnen en Evenson, 1979:447; Gebhardt, 1970:6; Phillips, 1972).

Demografiese faktore

Van die demografiese faktore is bevolkingstoename die belangrikste faktor wat toekomstige waterbehoeftes bepaal deur die wesenlike uitwerking wat dit op feitlik alle watergebruiksgroepe het (Gebhardt, 1970). Ander demografiese faktore wat 'n

invloed op huishoudelike gebruik kan hê, is gesinsgrootte en ouderdomsamesetting (Darr et al., 1975; Hanson en Hudson, 1966; Wolff, 1961; Linaweafer et al., 1967).

Kulturele en etniese faktore

By kulturele en etniese faktore kan gemeld word dat daar byvoorbeeld in Israel verskille in huishoudelike watergebruiken tussen mense uit verskillende kultuurafkomste bevind is (Darr et al., 1975). Ook binne die Republiek van Suid-Afrika (RSA) kom daar betekenisvolle verskille in die *per capita* watergebruiken tussen die verskillende bevolkingsgroepe voor (Gebhardt, 1970; Van Duuren, 1978). Selfs binne die swart bevolkingsgroep word verskille tussen etnisiteite aangetref (Gebhardt, 1970). Hoewel dit aanvaar kan word dat kultuur en etnisiteit 'n besliste bydrae tot die verskille te lewer het, speel sosio-ekonomiese omstandighede waarskynlik die vernaamste rol.

Sosio-ekonomiese faktore

Sosio-ekonomiese faktore lewer nie alleen 'n bydrae tot die verklaring van verskille in huishoudelike watergebruiken tussen groepe nie, maar ook binne sekere bevolkingsgroep. Van die vernaamste faktore wat al geïdentifiseer is en tipesend is van 'n bepaalde lewenstandaard wat gehandhaaf word, is gehalte van woonbuurt, waardasie van eiendom, grootte van erf, getal vertrekke in woonhuis, gesinsgrootte, inkome van huishouing, aanwesigheid van spoeleriewe en die aard en omvang van watergebruikstoerusting (Gebhardt, 1970; Ellis en Van Duuren, 1974; Van Duuren, 1978).

Ekonomiese faktore

Hoewel sekere ekonomiese faktore, soos die prys wat vir water gevra word, die inkome van die gesin en aansporingsmaatreels deur die Owerheid om nywerhede te vestig, reeds by bespreking van die vorige faktore vermeld is, (Katzman, 1977) is daar 'n reeks ander ekonomiese faktore wat op 'n meer indirekte wyse 'n rol speel. Dit is naamlik daardie faktore wat die samestelling, aard, omvang en winsgewendheid van sake-ondernehemings en nywerhede in 'n gebied bepaal. Hier word spesifiek verwys na die hoedanighede van vestigings- en markfaktore.

Tegno-ekonomiese faktore

Tegno-ekonomiese faktore verwys op hul beurt na daardie faktore ten opsigte van masjinerie, installasies en toerusting wat die ekonomie van watervoorsiening en watergebruik beïnvloed. Aan die voorsieningskant behels dit onder andere hoogteplasing van reservoirs, grootte van pompe en deursnee van pype (Gebhardt, 1970; Bobee et al., 1980). Aan die gebruikskant behels dit die plasing, aantal en effektiwiteit van krane en kleppes, die mate waartoe dit effektief in nywerheidsproduksieprosesse aangewend word, byvoorbeeld om te verkoel, te prosesseer en te reinig (Kollar and Macauley, 1980), die doeltreffendheid van spoeleriewe in openbare en ander geboue en die doeltreffendheid van watergebruikstoerusting, byvoorbeeld outomatiese wasmasjiene en skottelgoedwassers in woonhuise.

Natuurlike faktore

Die natuurlike faktor wat die grootste effek aan die voorsieningskant op die hoeveelheid water wat gebruik sal word, uitoefen, is die fisiese hoeveelheid water wat vir gebruik beskikbaar

TABEL 1
BLOEMFONTEIN: BERAAMDE GEMIDDELDE DAAGLIKSE VERBRIUK VOLGENDE SONES, JANUARIE 1992

Sone (Beraamde GDV)*	1 Pentagonpark	2 Tempo-tanks	3 Heuwelsig-druk	4 Arboretum	5 Naval Hill	6 Signal Hill	7 Hamiltonpark
Aantal erwe @ kFd	512 2 180	469 2 180	641 2 180	7 332 1 467	85 2 180	16 2 180	853 1 360
Totaal: kFd	1 116.16	1 022.42	1 397.44	10 753.44		34.88	1 160.08
Menthuisenhede @ kFd	130 800	10 800	250 800	5 740 788	10 800	1 050 800	1 847 800
Totaal: kFd	104.00	8.00	200.00	4 524.00		840.00	1 477.60
Woonsteeenhede @ kFd							
Totaal: kFd	0.00	0.00	0.00				
Besigheidsvloeroppv. (100 m ²) @ kFd	6 400	9 400	5 400	1 373 400	1 400	479 400	383 400
Totaal: kFd	2.40	3.60	2.00	549.20	0.40	191.60	153.20
Nywerheidsperselle @ kFd							
Totaal: kFd	0.00	0.00	0.00				
Ontwikkeling van parke (ha) @ kFd	7 1 500	11 1 500	4 1 500	92 1 500	5 1 500	6 1 500	17 1 500
Totaal: kFd	10.50	16.50	6.00	138.00	7.50	9.00	25.50
Subtotaal: kFd	1 233.06	1 050.52	1 605.38	25 812.64	441.20	4 035.48	2 816.38
Diverse (%) kFd	15 184.96	15 157.58	15 240.81	21.68 5 596.65	15 66.18	15 605.32	25 704.10
Waterverliese (%)** kFd	17 209.62	17 178.59	17 272.91	17 4 388.15	17 75.00	17 686.03	17 478.78
Totaal: kFd	1 627.64	1 386.69	2 119.10	35 797.43	582.38	5 326.83	3 999.26

* Beraamde gemiddelde daagliks gebruik

** Inligting voorsien deur die Bloemfontein Munisipaliteit

TABEL 2
BLOEMFONTEIN: VERWAGTE ONTWIKKELING MET GEPAARDGAANDE VERHOGING IN DIE VRAAG NA WATER PER VERBRIUKSZONE TOT DIE JAAR 2020

Verbruikszone	Gebiede/ gedeeltes van gebiede	Verwagte ontwikkeling en gepaardgaande verwagte toename in die vraag na water	Totale verwagte toename (l/d)	Totale verwagte toename per verbruikszone (l/d)
1. Pentagonpark	Pentagonpark Heliconhoogte	357 woonhuise @ 2 180 l/d 692 meenthuiseenhede @ 800 l/d 101 wooneenhede @ 800 l/d 1 kleuterskool (100 kinders) @ 140 l/d.kind 1 kerk @ 2 180 l/d 1 buurtsentrum @ 400 l/d.100m ² (0.6 ha)	778 260 553 600 80 800 14 000 2 180 24 000	1 452 840
2. Tempe-tenks	Gedeelte van Dan Pienaar	Geen ontwikkeling maar wel 'n 1 persent toename weens verdigting per jaar = teoretiese 20% x 1 386 690 l/d	277 338	277 338
3. Heuwelsig-druk	Heuwelsig Hillsborough	16 woonhuise @ 2 180 l/d 43 simpleksmeenthuise @ 800 l/d	34 880	69 280
4. Arboretum	Bayswater Waverley Dan Pienaar Arboretum Brandwag Westdene Park-Wes Willows Oranjesig Heidedal Ou Ooseinde Nuwe Ooseinde Opkoms	100 meenthuise @ 788 l/d (in Willows) 'n Verdubbeling in die vraag na water deur Aandrusbehuisingskema 500 meenthuiseenhede @ 788 l/d (in Westdene) Universiteit van die Oranje-Vrystaat = 5% verhoging x 1 576 712 l/d Verskuiwing van Bloemfontein Onderwyskollege 100 subekonomiese woonstelenhede x 500 l/d (in Brandwag) 'n Aftreeoord van 112 eenslaapkamereenhede x 250 l/d (Dan Pienaar) 40 meenthuiseenhede x 788 l/d (Genl Klopperstraat) 20 meenthuiseenhede x 788 l/d (te Prellerplein) 25 meenthuiseenhede x 788 l/d (Waverleyweg) 76 dorpshuise x 788 l/d (in Bayswater) 12 Metodistekerk aftreehuise x 788 l/d 794 woonhuise x 1 360 l/d (in Heidedal) 250 meenthuiseenhede x 700 l/d (in Heidedal)	1 200 000 394 000 78 836 83 333 50 000 28 000 31 520 15 760 19 700 59 888 9 456 1 079 840 175 000 5 760 000 116 476	9 064 133
5. Naval Hill	Waverley	240 ha wat in die toekoms ontwikkel sal word x 24 000 l/ha.d (Bloemsdie)	116 476	116 476
6. Signal Hill	Arboretum Signal Hill Stad-Wes Westdene Arboretum Hilton	Geen uitbreidings word verwag nie maar wel 'n 1 persent toename weens verdigting = teoretiese 20% x 582 380 l/d Geen uitbreidings word verwag nie maar wel 'n 1 persent toename weens verdigting = teoretiese 20% x 5 326 830 l/d	1 065 366	1 065 366
7. Hamiltonpark	Stad Hilton	1 persent toename per jaar weens verdigting word hier verwag = teoretiese 20% x 3 999 250 l/d	799 850	799 850
8. Dan Pienaar	Noordhoek Dan Pienaar-Suid	1 persent toename per jaar weens verdigting word hier verwag = teoretiese 20% x 681 070 l/d	136 214	136 214
9. Brandkop	Arboretum Universitas-rif Universitas Gardeniapark Wilgehof Pellissier Fichardtpark Hospitaalpark Genl de Wet Fauna Lourierpark	15 woonhuise @ 2180 l/d (Universitas-rif) 60 woonhuise @ 2180 l/d (Pellissier) 150 meenthuise @ 800 l/d (Pellissier) 260 meenthuise @ 800 l/d (Fichardtpark) 130 meenthuise @ 800 l/d (Hospitaalpark) 50 meenthuise @ 800 l/d (Uitsig) 590 woonhuise @ 1000 l/d (Lourierpark) 60 ouetehuiswooneenhede @ 800 l/d (Universitas) 40 ouetehuisenkamers @ 400 l/d (Universitas)	32 700 130 800 120 000 208 000 104 000 40 000 590 000 48 000 16 000	1 289 500
10. Longridge	Ehrlichpark Hamilton Mangaung Batho Bochabelo Phahameng Kagisanong	157 sub-ekonomiese huise @ 800 l/d Verwagte ontwikkeling in die swart woongebiede word in tabel 3 4 en 5 behandel die beraamde toename in watervraag is	125 600 11 497 261	
11. De Wet-druk	Fleurdal Uitsig Pellissier Ceciliapark	162 meenthuise @ 800 l/d (Fleurdal)	129 600	11 626 861
12. Pellissier-druk		56 woonhuise @ 2180 l/d (Pellissier) Beoogde nuwe ontwikkeling vir middelinkomebehuising te Ceciliapark @ 15 000 - 3 6 persone per huishouding x 1 500 l/d	122 080 6 250 005	122 080 6 250 005
Totale verwagte toename in die vraag na water vir Bloemfontein, Heidedal en Mangaung vanaf 1992 tot die jaar 2020 = 32 399 543 l/d of 11.82 Ml/j				
Verwagte geprojekteerde vraag na water in die jaar 2020 = 46,84 Ml/j [28.90 Ml (1992) + 11.82 Ml (verwagte toename)] plus 6.12 Ml (15% van totale verwagte vraag vir moontlike verdere ontwikkeling van dienste, handel en industrieë).				

gestel word. Die aanwesigheid van private boorgate binne stedelike woongebiede kan in dié verband die hoeveelheid water wat van owerheidswee beskikbaar gestel word, beïnvloed (Van Duuren, 1978). Ten opsigte van gebruik is dit hoofsaaklik klimaatsfaktore soos temperatuur en reënval wat 'n betekenisvolle invloed het, veral op die hoeveelheid water wat vir buitenshuisgebruik, byvoorbeeld vir tuine, benodig word (Van Duuren, 1978; Lineweaver, 1967).

Vervolgens word watervraagprojeksies, vir die onderskeie gebiede aan die hand van struktuurstudies, soos aangedui in die verskillende tabelle, bepaal.

Bloemfontein munisipale gebied

Die gebied wat via die Bloemfontein Munisipaliteit van water bedien word, is in 12 verbruiksones verdeel. Hierdie verdeling geld gewoonlik slegs tydens spitsverbruik in die somer met 'n totale noord/suid verdeling (verbruik van Maselspoort-/Welbedacht-skema) van ongeveer 52/48 persent. In die winter verander die verdeling na ongeveer 10/90 persent. Die werklike verdelings kan afgelei word van die Maselspoort-/Welbedacht-skemaverbruiksysteem - wat as bedryfsreel gemanipuleer word afhangende van die situasie. Waterverbruikspatrone vir die verskillende sones (vergelyk Tabel 1) is vanaf die Munisipaliteit van Bloemfontein verkry. Die beraamde gemiddelde daaglikske verbruik, volgens inligting verskaf deur die Stadsingenieursafdeling van die Munisipaliteit van Bloemfontein (Pretorius et al., 1994) word per groep in Tabel 1 uiteengesit. Die tabel is op grond van die volgende berekeninge opgestel:

- Die watervraag van 2 180 M^3/d vir luukser woonbuurtes, 1 467 M^3/d vir minder luukse buurtes en 1 360 M^3/d vir kleiner erwe sal basies konstant bly.
- Meenthuisse benodig gemiddeld 800 M^3/d .
- Woonsteeenhede gebruik ongeveer 500 M^3/d .
- Besighede benodig ongeveer $400 \text{M}^3/\text{m}^2$ besigheidsoppervlakte.
- Nywerhede gebruik gemiddeld 6 600 M^3/d .
- Parke se instandhouding vra ongeveer 1 500 $\text{M}^3/\text{ha.d}$.
- Voorsiening vir diverse gebruik van 15 persent is vir elke sone bygetel.
- Waterverliese in die stelsel is op 17 persent beraam.

Verwagte ontwikkeling met gepaardgaande verhoging in die vraag na water per verbruiksonde tot die jaar 2000 word in Tabel 2 behandel. Hierdie projeksies is gedoen aan die hand van onderhoude gevoer met verskillende persone (Pretorius et al., 1994). Volgens Tabel 2 behoort Bloemfontein munisipale gebied se watervraag $67.55 \times 10^6 \text{ M}^3/\text{y}$ in 2020 te beloop.

Tabelle 3, 4 en 5 bevat gegevens oor Mangaung, die swart woongebied langs Bloemfontein. In Tabel 3 verskyn die watervraag vir 1990 en 1995, aan die hand van die volgende verbruikspatrone:

- Water in huise
- Water in erwe, maar met spoelriolering
- Water in erwe sonder spoelriolering
- Gemeenskaplike staankrane
- Tenkwaens vir plakkars
- Onontwikkelde gebiede (buffersones)
- Onontwikkelde gebiede (hostelle)
- Ongemeterde verlies

**TABEL 3
MANGAUNG: BERAAMDE VRAAG NA WATER, 1990 EN 1995***

Diens	Aantal erwe	1990				1995				
		Gemiddeld	Totaal	Daaglikske per capita verbruik ($\text{M}^3/\text{cap-d}$)	Totale daaglikske verbruik (M^3/d)	Aantal erwe	Gemiddeld	Totaal	Daaglikske per capita verbruik ($\text{M}^3/\text{cap-d}$)	Totale daaglikske verbruik (M^3/d)
Water in huis	1 528	7	10 696	110	1.18	3 888	7	27 216	110	2.30
Water in erf (staankraan en spoelriolering)	8 239	8	65 912	94	6.20	11 341	8	90 728	94	8.53
Water in erf (staankraan sonder spoelriolering)	3 102	8	24 816	60	1.49					
Gemeenskaplike staankraan	3 502	9	31 518	20	0.63	7 001	9	63 011	20	1.26
Tenkwaens vir plakkars			20 058	10	0.20					
Onontwikkelde gebied (buffersones)						1 293	9	11 637	110	1.28
Onontwikkelde gebied (hostelle)						300		2 586	110	0.28
Ongemeterde verlies teen 23%					2.92**					4.05**
Totaal	16 371		153 000		12.6***			195 178		17.70****

* Inligting in die tabel is gebaseer op beramings en verwerkings uit Ninham Shand (1992: 19-20)

** Met die berekening van die waterverlies moet daarteen gewaak word om dit nie as verheffingsfaktor te gebruik nie. Byvoorbeeld, 'n waterverlies van 20% impliseer 'n waarskynlike watervraag van 100 na aanleiding van 'n beraamde waterverbruik van 80,

met ander woorde om die watervraag van 80 te vermeerder na 100, moet die geraamde watervraag met die faktor 20 - 80 vermeerder word.

*** Die getal kom ooreen met die werklike verbruik vir 1990, naamlik $4 605.00 \text{ M}^3/\text{y}$ - 365 d.

**** Die getal kom ooreen met die geprojekteerde syfer vir 1995, naamlik $6460 \text{ M}^3/\text{y}$ - 365 d, soos bereken deur Ninham Shand (1992:11).

TABEL 4
MANGAUNG: BERAAMDE WATERVERBRUIK VANDIE ONDERSKEIE AANSLUITINGS, 1990-2020

A Jaar	B Bevolking	C Waterverbruik (M/d)	D Waterverlies (M/d)	E Erwe met water in erf Getal persone	F Erwe met water in erf Getal persone	G Erwe met water in erf (staankraan) Getal persone		H Gemeenskaplike staankraan Getal persone	I Gemeenskaplike staankraan Getal persone	J Tenkwangs Getal persone	K Tenkwangs Getal persone	L Hostelle Getal persone	M Ontwikkelde gebied (Buffersone) Getal persone
						Gemaal	Hostelle						
1. 1990	153 000	12,62	2,92	1 528	10 696	8 239	65 912	3 502	31 518	20 058	-	2 586	11 637
2. 1995	195 178	17,70	4,04	3 888	27 216	11 341	90 728	7 001 ^{3*}	63 009	-	-	2 913 ^{5*}	3 825
3. 2000	219 890	20,83	4,72	5 271 ^{3*}	36 897	13 159 ^{2*}	105 272	7 887 ^{4*}	70 983	-	-	3 106	4 070
4. 2005	234 482	22,20	4,97	6 088	42 616	14 233	109 000	8 410	75 690	-	-	3 220	1 554
5. 2010	243 099	22,92	5,06	6 570	45 990	14 867	113 864	8 719	78 471	-	-	3 287	-
6. 2015	248 187	23,80	5,20	6 855	47 985	15 241	121 928	83 312	74 987	-	-	3 327	-
7. 2020	251 191	24,10	5,20	7 023	49 161	15 461	123 688	8 335	75 015	-	-	-	-

$$* E3 = (E2 - E1) / (B2 - B1) \times (B3 - B2) + E2$$

$$** G3 = (G2 - G1) / (E2 - E1) \times (E3 - E2) + G2$$

³*

³

$$^{4*} I3 = B3 / B4 \times I2$$

$$^{5*} L3 = B3 / B4 \times L2$$

Die volgende gemiddelde *per capita* waterverbruik is aanvaar:

$$F = 110 \text{ l/d}$$

$$H = 94 \text{ l/d}$$

$$J = 20 \text{ l/d}$$

$$K = 10 \text{ l/d}$$

$$L+M = 110 \text{ l/d}$$

Tabel 4 skenk aandag aan werklike en beraamde waterverbruik van die onderskeie aansluitings tot die jaar 2000, terwyl Tabel 5 in samestelling van die verskillende waterverbruikers soos residensieel, skole, kleuterskole, kerke, sportgronde en besighede tot die jaar 2020 aanbied. In Tabel 6 verskyn die geprojekteerde waterverbruik vir Bloemfontein munisipale gebied, met die insluiting van Mangaung en Heidedal tot die jaar 2020.

Bainsvlei en Langenhovenpark

Beraamde toenames in die watervraag van Bainsvlei en Langenhovenpark word in Tabel 7 aangedui. Volgens die tabel behoort verbruik van ongeveer $1.19 \times 10^6 \text{ l/j}$ in 1985 tot ongeveer 2.25 l/d in 2020 toe te neem. Benewens die toename in bevolking, wat na die jaar 2000 behoort te stabiliseer, word 'n verhoging in huishoudelike verbruik deur woonhuisbewoners vanaf gemiddeld $1 698 \text{ l/d}$ in 1985 tot ongeveer $2 064 \text{ l/d}$ in 2020 voorsien. Wat meenthuise betref, kan verwag word dat hul gemiddelde verbruik van 499 l/d in 1985 tot ongeveer 607 l/d in 2020 sal toeneem.

Vir hoewes is beraam dat die gemiddelde verbruik van $1 299 \text{ l/d}$ in 1985 tot ongeveer $1 526 \text{ l/d}$ in 2020 kan styg. Hierdie stygging sal grootliks toegeskryf kan word aan 'n verwagte toename in die swart en Kleurlingebevolkingsgroepe. Die gemiddelde verbruik van 969 l/d deur blanke huishoudings op hoewes behoort tot en met 2020 konstant te bly. Die onderliggende aanname in die geval is dat 'n verhoogde vraag deur blanke huishoudings met boorgatwater aangevul sal word.

Wat swart mense en Kleurlinge (loseerders en/of arbeiders) betref, is aanvaar dat hul verbruik van ongeveer 64 l/cap.d vir swart mense en 85 l/cap.d vir Kleurlinge (wat vir beide groepe die gemiddelde verbruik in die RSA is) tot en met die jaar 2020 grootliks konstant sal bly.

Afgesien van residensiële en hoeweeverbruik, benodig handel en dienste ook water. Die meeste handelaars, soos kwekerye, maak egter van boorgatwater gebruik en tans verteenwoordig hierdie addisionele verbruikers slegs 2 persent van die totaal. Die Munisipaliteit van Bainsvlei reken dat die tendens sal voortduur en dat toenames in die watervraag direk aan bevolkingsgetalle gekoppel sal bly (kyk Tabel 7).

Bloemspruit

Die toekomstige waterverbruik deur die Bloemspruitgebied word in Tabel 8, wat saamgestel is op grond van data wat van Bloem Water verkry is, aangetoon. Die onderliggende aanname met projeksies vir die gebied is dat alle bevolkingsgroepe in die gebied gaan toeneem maar dat die verbruik *per capita* min of meer dieselfde gaan bly. Hiervolgens behoort die totale watervraag toe te neem van $873 283 \text{ l/j}$ in 1985 tot $1 808 528 \text{ l/j}$ teen die jaar 2020. Die totale geprojekteerde vraag na water in die gebied is gebaseer op bevolkingsyfers en data aangaande ander verbruikers. Handel en dienste is by die projeksies ingesluit. 'n Indeling van die verskillende waterverbruiksgroepe, afgesien van huishoudelike en hoeweeverbruik, was nie moontlik nie, aangesien die Munisipaliteit van Bloemspruit nie die nodige inligting

TABEL 5
MANGAUNG: SAMESTELLING VAN WATERVERBRUIKERS, 1990 TOT 2020*

Jaar	Residensiële erwe met wateransluiting (getal)	Skoolterreine (getal)	Kleuterskool-terreine (getal)	Kerke (getal)	Sportgronde (ha)	Besighede (m ²)	Hostelle (inwoners)	Bevolking
1990	9 767**	10***	4***	46***	40.9***	10 200***	2 088***	153 000
1995	15 229	13	5	59	52.2	13 012	2 586	195 178
2000	18 430	19	6	66	58.8	14 659	2 913	219 890
2005	20 321	20	6	70	62.7	15 632	3 106	234 482
2010	21 437	21	7	73	65.0	16 206	3 220	243 099
2015	22 096	22	7	75	66.4	16 545	3 287	248 187
2020	22 484	22	7	76	67.2	16 745	3 327	251 191

* Weens die feit dat die ontwikkeling van skole, kleuterskole, kerke, sportgronde en besighede afhanglik is van die toename in bevolking, is dié instansies se waterverbruik ingesluit by die geprojekteerde verbruik soos in Tabel 4. Die voorgestelde toename in die getal waterverbruikers staan in direkte verhouding tot die grootte van die bevolking.

** Verkry uit Tabel 4 (kolom E en G)
*** Verkry uit Ningham Shand (1992:16)

kon voorsien nie. Samesprekings met die Munisipaliteit het aan die lig gebring dat bykans elke hoeve oor 'n boorgat beskik, maar dat die hoeveelheid water wat daaglik daaruit gepomp word moeilik bepaalbaar is. Wat egter met redelike sekerheid aanvaar kan word, is dat die verskil tussen die gemiddelde waterverbruik

TABEL 6 BLOEMFONTEIN MUNISIPALE GEBIED:[*] GEPROJKEERDE TOTALE WATERVRAAG VOLGENS 'N STRUKTUURONTLEIDING, 1995 - 2020		
Jaar	Bevolking (mkd/j)	Waterverbruik
1995	317 711	54.43
2000	347 510	59.54
2005	366 629	62.81
2010	379 296	64.98
2015	388 020	66.48
2020	394 292	67.55

* sluit Mangaung en Heidedal in

deur blanke huishoudings in die RSA van 1 250 l/cap-d (Department of Community Development, 1983) en die gemiddelde verbruik in Bloemspruit van ongeveer 934 l uit boorgate voorsien word. Die rede vir die gevolgtrekking is dat eienaars van hoeves met boorgate gewoonlik die water vir ander doeleindes as huishoudelike verbruik aanwend. Die verskynsel is ook op hoeves in die Bainsvlei-gebied opgemerk.

Botshabelo

Die beraamde toekomstige vraag na water in Botshabelo word in Tabel 9 aangedui. Volgens die tabel sal die verbruik toeneem van ongeveer 6.85×10^6 l/d in 1995 tot ongeveer 13.45 in 2020. Vertrekpunte wat die basis van beredenering vir die samestelling van die tabel gevorm het, is die volgende:

- Die gemiddelde huishoudinggrootte van ongeveer 5.26 persone sal waarskynlik konstant bly.
- Die gemiddelde *per capita* verbruik sal van 35 l/d in 1988 tot ongeveer 136 l/d in 2020 toeneem.
- Die getal huise met water in die huis sal van 1 693 in 1988 tot 51 590 in 2020 toeneem en die gemiddelde verbruik per huishouding sal konstant bly teen 600 l/d.
